ONS GEE OM

GEE-BASAAR

Ons wil almal wat gehelp het om die Gee-basaar 'n sukses te maak, hartlik bedank. Elkeen wat iets geskenk het, iewers gehelp het, of net teenwoordig was, het meegehelp om dit 'n onvergeetlike ervaring te maak.

DS STEVEN SPAN UIT

Ds. Steven is met verlof vanaf 29 Junie tot 9 Julie. Indien u 'n leraar benodig, kan dr Chris gebel word (028 271 3913)

OMGEE BOETIEK

Die Omgee-Boetiek sal oop wees gedurende die skoolvakansie. Enige donasies van wintersklere, beddegoed, ens sal waardeer word. Skenkings kan afgegee word by die kerksaal, verkieslik Maandae en Vrydae, tussen 10 en 12 uur.

FYNBOS HOU WINTERMARK

Van 26 Junie tot 7 Julie in die kerksaal.
Maandag – Vrydag 10:00 – 15:00
Saterdae 10:00 – 13:00.
Kom besigtig en KOOP die pragtige handgemaakte artikels - Kaartjies, Breiwerk, Handsakke, Appliqué, & Decoupage items, Juweliersware, Baba- & Kinderklere, Belgiese sjokolade, Lyfroom, Boeke, Koek, Poeding, Terte, Samoosas, Vars gemaakte Mayonnaise en vele meer.....
Ons heerlike tuisgemaakte Sop & Brood, Pannekoek, Kerrie & Rys en Vetkoek sal weer te koop wees.
Vir meer inligting bel Melanie of Averyl 028 271 3602

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

S Sass 072 352 8347
sassteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

24 Junie 2018

Welkom by die Erediens

09:00 Hangklip - Ds. Steven Sass

09:30 Kerkgebou - Ds. Jannie Hougaard

Deurkollekte: Arbeidsbediening

Eredienste Sodag 1 Julie 2018

09:00 Erediens Hangklip
09:30 Erediens Kerkgebou

Deuroffer: Plaaslike Diens van Barmhartigheid

PINKSTER DVD'S

Almal wat die pakket bestel het, kan kennis neem dat dit nou beskikbaar is.

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. . .

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.
Ons dink veral aan Hennie Rossouw: HK1,
Mariaan Hattingh: BB3, Daan Botha: BB4,
Ettienne Gouws: BB5 (☎9689), Fanie van Zyl: HK3 (☎3431),
Lida Fourie: Bb1, Elma Hagen: Bb2 (☎5503),
Lena Nel: Sa1, Johan Els: Sa1, Gerda le Roux: Sa3 (☎3254),
Frieda Willemse: Sc2, Maria Human: Sc4
en Riti Turner: KB1 (☎4917)

Ons dink in die besonder aan Alice van Rooyen en familie met die heengaan van JC : HK1. Mag hulle die Here se nabyheid in die besonder hierdie tyd ervaar.

EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder wil ons die lidmate wat vandag verjaar, gelukwens:

Heinrich Stemmet (Bb4), Reinette van Niekerk (PM1),
Karlien Venter (HK3), Theo Winckler (BB3).

HANGKLIP GAAN OOK BASAAR HOU

Op 3 November gaan Hangklip basaar hou. Wolfgang Steinman vra dat mense wat afskaal, verhuis of net van hul oortollige huisraad ontslae wil raak, hom bel. Hy kom haal gratis en maak sommer terselfdertyd die motorhuis aan die kant.
Sy nommer is:082 823 6821

GEBEDSBYEENKOMS

Daar sal geen gebedsbyeenkoms wees gedurende die vakansie nie.

GEBEDFOKUS

Kom ons bid saam met die gebedsgroep:

- Ons dank ons Hemelvader vir wonderlike reën en geseënde Gee-basaar.
- Ons bid vir leiding en seën vir aanbouing aan kerk en ook finansies.
- Ons bid vir die gemeente om waarlik met God te wandel in geestelike lewe en ’n gees van afhanklikheid in gebed.
- Ons bid vir bejaardes wat eensaam, swak en siek is – asook alle versorgers vir liefde en deernis.
- Ons bid vir sakeondernemings wat dikwels noustrop trek in die wintermaande.
- Ons bid vir die regering, die plaaslike munisipaliteit, die kruiskulturele samesprekings en die politici.
- Ons bid vir kantoorpersoneel, kosters, orreliste en ons leraars.
- Ons vra dat die Here die kinders, onderwysers en vakansiegangers gedurende die vakansie sal seën.

Wat die kerk vandag nodig het, is nie mense wat meer geld gee of harder werk nie, maar mense wat volhardend sal bid.
- E. M. Bounds

WELKOM NUWE LIDMATE

Ons het die bewys van lidmaatskap van die volgende lidmate ontvang:

John William Wells van Parke Gemeente (PM2)
Anton en Lynette Stefanie Bredenkamp van Krugerdorp-Noord (Sa3)
Daniel Johannes en Sandra Taljaard van Thabazimbi (BB3)

Ons hoop almal is reeds ingeskakel en baie tuis en gelukkig.